## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en Klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Linda | Potgieter | 11/17 |
| Koos | Pretorius | 11/17 |
| Antoinette | Swart | 11/17 |
| Stephan | Marais | 11/19 |
| Jackson | Wiseman | 11/19 |
| Francina | Cumpsty | 11/20 |
| Stevie | van der Spuy | 11/20 |
| Corrie | Strauss | 11/21 |
| Lucia-Ann | White | 11/21 |
| Annalie | Bonthuys | 11/22 |
| Salome | Botha | 11/22 |
| Cecille | Scheepers | 11/22 |

### Straatwerk

Vir enige navrae of donasies kontak asb vir Kobus Meyer 0845142838

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

16 November 2025

## WELKOM!

**EREDIENSTYE 16/11**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Kategese
Spesiale kollekte:
Basaar
**Maandag**
Gemeenteverjaarsdag

**EREDIENSTYE 23/11**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
Kategese
Spesiale kollekte:
Herberg Kinderhuis

**BIDDAG VIR BESKERMINGSDIENSTE**

Ons bid vir almal wat ons dien en beskerm teen gevaar. Dié wat ingryp as daar nood- en ramptoestande ontstaan en soms aan groot gevare blootgestel word.




LIDMATE VERKIES TOT DIE KERKRAAD op die Kerkraadsvergadering van 28 Oktober 2025:
Voorsitter van die Kerkraad:
Ds. Franziska Andrag-Meyer
Ouderling Suiderstrand:
Danie Schutte
Diaken Mount Pleasant:
Rolene Prins



Ons Kerssangdiens, getiteld EENVOUD, vind plaas op Sondag, 21 Desember. Agter die skerms oefen ons jongklomp hard aan 'n toneel en die koorstemme weergalm nou al op Donderdagmiddae met die mooiste Kersmusiek. Merk jou kalender sodat jy weer opnuut kan hoor dat die weelde van Kersfees in die eenvoud daarvan lê.

**Teksvers vir die week:** Maleagi 4: 2 Maar vir julle wat eerbied het vir my Naam, sal die son van redding skyn met genesing in sy strale. Julle sal vry word en bokspring soos vetgemaakte kalwers.

## Dankie vir:

1. Die brandweer en ander helpers wat met sukses die dorpe om ons kon beskerm ( Bredasdorp, Napier).
2. Die welwillendheid van plaaslike inwoners wat hulle met versnaperinge bederf het.
3. Ons heerlike verjaarsdagviering tydens die karaoke.
4. Ds. Franziska wat die 17de 'n video gaan uitstuur van die karaoke. Hierdie jaar het ons dit voor die verjaarsdagdatum van 17 November al gevier!
5. Die voorreg om te deel in die vreugde van ouers wie se kinders vir 'n leerlingraad gekies is. In ons gemeente woon twee families wie se afstammelinge in Bredasdorp Laerskool sleutelposisies beklee: Stephanus Parsons (Eugene & Marita Laäs se kleinseun) is hoofseun en Xander Kreder ( Jannart & Yolande Kreder se seun) is onderhoofseun!

## Ons bid vir...

1. Rina Eckley met die heengaan van haar broer.
2. Die kinders en studente wat eksamen skryf. Mag hulle hard leer en met insig die vraestelle skryf en mooi onthou wat hulle geleer het.
3 Ouers en onderwysers wat die kinders ondersteun.
4. Beskermingsdienste soos onder andere die polisie, verkeerspolisie, brandweer, paramedici, ens:
4a. Veiligheid, krag, moed, goeie besluite en uithouvermoë van mense in ons veiligheidsdienste wat soms groot gevaar moet trotseer.
4b. Die vermoë om stres en veeleisende werksomstandighede te kan hanteer.
4c. Dat hulle veilig met hulle families verenig sal word aan die einde van 'n diensbeurt.
5 Die basaar wat voorlê, met al die organisasie wat dit verg.
6. Lief en leed in ons gemeente.

## Doen & Deel

### MAMMA MIA! Wat 'n fees!

Ons het op Vrydag, 31 Oktober, ons gemeente se verjaarsdag aan die hand van 'n karaoke gevier. Party mense was 'n bietjie skepties of dit op Struisbaai sou werk, maar het dit nie gewerk nie! Daar is 128 kaartjies gedruk en 128 kaartjies verkoop. Die woord KARAOKE kom van twee Japannese woorde: KARA & OKE KARA beteken LEEG en OKE is 'n afkorting vir ORKES. Die orkes speel, maar sonder stemme wat saamsing. Die idee is dat die gehoor self sing saam met die instrumentele musiek. Almal kon eet- en drinkgoed inpak en saambring om te geniet. Koffie en tee met fudge is bedien. Dankie vir Nico Fourie wat by was toe Matt en Alida Wood van Napier hulle goed opgestel het! Vir almal wat help kaartjies verkoop het( Erna, Teresa, Rae en Kobus Pretorius). Dit was ongelooflik lekker. Die gaste kon aantrek soos gaste op 'n Griekse eiland en toe wen Heinrich en Christa-Marié Williams die prys vir die oorspronklikste geklede paartjie en Tania Fourie wen as besgeklede dame. Baie geluk! Dankie vir die kies van wenners. Vida Coetzee, jy het goed geoordeel. Suidpuntkoorlede het voluit hulle kant gebring en selfs die kinders het deelgeneem - wie sou nou kon glo dat selfs Franco, van Kobus en ds. Franziska, dit voor die mikrofoon sou waag. Baie dankie vir die dekorgroep wat skenkings gemaak en gehelp het om die voorportaal en die saal reg te maak en te versier. Ons waardeer julle!



### Kersvader kom kuier!

Kersvader kom kuier weer vir die kinders op Dinsdag, 23 Desember, vanaf 17:00 in die NG kerk in L'Agulhas. Pa's en Ma's, Oupas en oumas word uitgenooi om die kort, informele geleentheid by te woon en te deel in die pret. Koop 'n geskenk, draai dit toe en MERK DUIDELIK (Kind se NAAM en VAN) ) wie die geskenk moet ontvang. Die geskenke kan afgegee word by die NG-Kerkkantoor in Struisbaai tussen 8:00 en 12:00 soggens. Die sperdatum daarvoor is Vrydag 19 Desember. U word dan uitgenooi om op 23 Desember vanaf 17:00 saam met u kinders of kleinkinders by die NG kerk in Agulhas te kom kuier om vir Kersvader te ontmoet. Hy sal dan sorg dat die regte kinders die regte geskenke ontvang. Ons beoog om 'n kort Kersspel op te voer om vir die kleinspan iets van Kersfees te vertel. Ons hoop om op dié manier vir ons kinders herinneringe te gee van 'n spesiale Kersfees. Navrae Max Michau by 0835571300